## 16.25 RAPPORT 17 – DEPUTATE EKUMENISITEIT BUITELANDS – EKUMENIESE LIGGAME (Arts 136, 178)

## 16.25 REPORT 17 – DEPUTIES ECUMENICITY INTERNATIONAL – ECUMENICAL BODIES (Arts 136, 178)

A. Ds ASA de Bruyn stel die Rapport.
Rev. ASA de Bruyn tables the Report.
B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.
The Report is concluded while the Synod is in session.
C. **Besluit:** Punte 1.4 en 2.4 verwys na die Finansiële Kommissie.
**Decision:** Points 1.4 and 2.4 are referred to the Financial Commission.
D. Ds DG Zwemstra rapporteer namens die Finansiële Kommissie.
Rev. DG Zwemstra reports on behalf of the Financial Commission.

E. **RAPPORT / REPORT**

| | |
|---|---|
| **1. International Conference of Reformed Churches (ICRC) (Lid)**<br>Dr DG Breed(s), dr HPM van Rhyn, prof AJ Coetsee en ds ASA de Bruyn. | **1. International Conference of Reformed Churches (ICRC) (Member)**<br>Dr DG Breed(c), Dr HPM van Rhyn, Prof AJ Coetsee and Rev. ASA de Bruyn. |
| 1.1 *Opdrag*<br>1.1.1 Die Sinode neem met dank en waardering kennis van die werksaamhede van die ICRC.<br>1.1.2 Die GKSA sit sy lidmaatskap van die ICRC voort en vaardig Deputate af om die volgende konferensie DV in 2021 by te woon | 1.1 *Mandate*<br>1.1.1 The Synod is to take note with thanks and appreciation of the work of the ICRC.<br>1.1.2 The GKSA is to continue its membership at the ICRC and delegate Deputies to attend the next conference DV in 2021. |
| **Besluit: Punte 1.1.1 en 1.1.2 kennis geneem.** | **Decision: Points 1.1.1 and 1.1.2 noted.** |
| <u>*Sake waarvan die Sinode kennis neem*</u><br>1.2 *Uitvoering van opdrag*<br>1.2.1 Die 10de internasionale konferensie van die ICRC het 12-19 Oktober 2022 plaasgevind in Windhoek, Namibië, en is aangebied deur die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Die twee plaaslike predikante in Windhoek, nl. Dr PJ de Bruyn en Ds HV Venter, het gehelp met baie administratiewe reëlings. Die ICRC is namens die GKSA bygewoon deur dr DG Breed en prof AJ Coetsee (as "voting delegates") en dr HM Zwemstra (as adviseur). | <u>*Matters that the Synod takes note of*</u><br>1.2 *Fulfilment of task*<br>1.2.1 The 10th international conference of the ICRC took place 12-19 October 2022 in Windhoek, Namibia and was hosted by the Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika/ Reformed Churches of South Africa) (GKSA/RCSA). The two local ministers in Windhoek, viz. Dr PJ de Bruyn and Rev. HV Venter, assisted with many of the administrative arrangements. Dr DG Breed and Prof AJ Coetsee (as "voting delegates") and Dr HM Zwemstra (as advisor) attended the ICRC on behalf of the GKSA. |
| 1.2.2 Die onderwerp van die ICRC was teologiese opleiding. Dr DG Breed het opgetree as voorsitter van die konferensie, en het ook een van die drie primêre voordragte gelewer (die titel van sy voordrag: "Models or Alternate Strategies for Ministry | 1.2.2 The theme of the ICRC was theological training. Dr DG Breed acted as chairman at the conference and also delivered one of the three main speeches (titled: "Models or Alternate Strategies for Ministry Training"). |

| | |
|---|---|
| Training"). | |
| 1.2.3 Die lidmaatskap van die Gereformeerde Kerken Vrijgemaakt (Nederland) is by die vorige ontmoeting van die ICRC opgeskort vanweë hulle besluit om ampte vir vroue oop te stel. By die afgelope ontmoeting is die lidmaatskap van die Gereformeerde Kerken Vrijgemaakt (Nederland) deur die lede-kerke van die ICRC beëindig. | 1.2.3 The membership of the Gereformeerde Kerken Vrijgemaakt (the Netherlands) was suspended at the previous assembly of the ICRC due to their decision to allow women to the offices. The member churches then terminated the membership of the Gereformeerde Kerken Vrijgemaakt (the Netherlands) at the above assembly of the ICRC. |
| 1.2.4 Die GKSA-afvaardiging het met die afgevaardigdes van verskillende kerke samesprekings gevoer, onder andere | 1.2.4 The GKSA delegation held discussions with the delegates of *inter alia* the following churches: |
| 1.2.4.1 Reformed Church of the United States (RCUS): Die Deputate het gesprek gevoer met afgevaardigdes van die RCUS oor die moontlikheid van ekumeniese bande. Na bespreking is daar bepaal dat daar nie tans moontlikhede van samewerking is nie. Die voorstel is dat daar kontak met die RCUS behou word, en indien omstandighede in die toekoms verander, kan daar gepoog word om ekumeniese bande te vorm. | 1.2.4.1 Reformed Church of the United States (RCUS): The Deputies discussed with the delegates of the RCUS the possibility of ecumenical ties. It was concluded that at present there are no opportunities for collaboration. It was suggested that contact be kept with the RCUS that should the opportunity present itself, efforts be made to take up ecumenical ties. |
| 1.2.4.2 Heritage Reformed Church (HRC): Die Deputate het gesprek gevoer met 'n afgevaardigde van die HRC oor moontlike ekumeniese bande. | 1.2.4.2 Heritage Reformed Church (HRC): The Deputies discussed the possibility of ecumenical ties with the HRC delegate. |
| 1.2.4.3 Christian Reformed Churches of Australia (CRCA): Afgevaardigdes van die CRCA het aangedui dat hulle samesprekings gehad het met 'n predikant van die NG Kerk in Namibië wat deel is van die Kairos-netwerk in Suid-Afrika. Die predikant het 'n vergadering met die CRCA aangevra vir advies. Die afgevaardigdes van die CRCA het ook vir die Deputate advies gevra oor hulle verhouding met die Gereformeerde Kerke in Nieu-Seeland (RCNZ) wat die CRCA afgegradeer het in hulle ekumeniese bande omdat hulle vroue in die amp van diaken het. | 1.2.4.3 Christian Reformed Churches of Australia (CRCA): Delegates of the CRCA recounted the meeting they had with a minister of the Dutch Reformed Church in Namibia, part of the Kairos Network in South Africa. The minister requested this meeting with the CRCA for advice. The CRCA delegates also sought the advice of the Deputies regarding their relationship with the Reformed Churches in New Zealand (RCNZ) who downgraded the CRCA to ecumenical ties because they allow women to serve as deacon. |
| 1.2.4.4 Christelijke Gereformeerde Kerken in Nederland (CGK): Die Deputate het kennis geneem dat hulle ook tans te doen het met gemeentes wat wel vroue as ouderlinge bevestig. Hulle het navrae gedoen | 1.2.4.4 Christelijke Gereformeerde Kerken in Nederland (CGK): The Deputies noted that they are now also dealing with churches that ordain women as elders. They enquired how the GKSA handles churches that |

| | |
|---|---|
| wat die GKSA doen wanneer gemeentes ondanks die besluit van die Algemene Sinode tog voortgaan om vroue as ouderlinge te bevestig. | continue to ordain women as elders despite the decision of the General Synod. |
| 1.2.5 Die ICRC het 'n goeduitgewerkte formule, wat ledetal en waar die kerke geleë is in ag neem, waarvolgens die GKSA ±$1 068 per jaar vir die volgende vier jaar moet betaal. | 1.2.5 The ICRC has a well-formulated formula, taking into account member numbers and the location of churches, according to which the GKSA must pay ±$1 068 per year for the next four years. |
| 1.2.6 Die ICRC het 'n algemene persverklaring gemaak wat beskikbaar is. | 1.2.6 The ICRC issued a general press release, which is available for review. |
| 1.2.7 Die volgende konferensie van die ICRC word beplan vir Oktober 2026 in Suid-Korea. Dr DG Breed bly deel van die koördineringskomitee van die ICRC, en prof AJ Coetsee is aangewys as die skriba ("recording clerk") van die ICRC vir die volgende vier jaar. | 1.2.7 The next conference of the ICRC is planned for October 2026 in South Korea. Dr DG Breed remains a member of the coordination committee of the ICRC and Prof AJ Coetsee has been appointed as recording clerk of the ICRC for the next four years. |
| **Besluit: Punte 1.2.1 tot 1.2.7 kennis geneem.** | **Decision: Points 1.2.1 to 1.2.7 noted.** |
| <u>*Sake waaroor die Sinode moet besluit*</u> | <u>*Matters that the Synod decides on*</u> |
| 1.3 *Aanbevelings (Opdragte aan te benoeme Deputate)* | 1.3 *Recommendations (Mandate to the to be appointed Deputies)* |
| 1.3.1 Die Sinode neem met dank en waardering kennis van die werksaamhede van die ICRC. | 1.3.1 The Synod should take note with thanks and appreciation of the work of the ICRC. |
| 1.3.2 Die GKSA sit sy lidmaatskap van die ICRC voort en vaardig deputate af om die volgende konferensie DV in Oktober 2026 in Suid-Korea by te woon. | 1.3.2 The GKSA is to continue its membership at the ICRC and delegate deputies to attend the next conference DV in October 2026 in South Korea. |
| **Besluit: Punte 1.3.1 en 1.3.2 goedgekeur.** | **Decision: Points 1.3.1 and 1.3.2 approved.** |
| 1.4 *Finansiële implikasies* | 1.4 *Financial implications* |
| 1.4.1 Die Algemene Sinode maak uit die Adminstratiewe Buro se fondse voorsiening vir die betaling van die ICRC-ledegeld. | 1.4.1 The General Synod should provide from the funds of the Administrative Bureau for the payment of ICRC membership fees. |
| **Besluit: Verwys na Finansiële Kommissie.** | **Decision: Referred to the Financial Commission.** |
| **Besluit: Goedgekeur.** | **Decision: Approved.** |
| **2. World Reformed Fellowship (WRF) (Lid)**<br>Dr HPM van Rhyn(s) dr DG Breed, prof IW Ferreira, prof HG Stoker en prof RS Hobyane. | **2. World Reformed Fellowship (WRF) (Member)**<br>Dr HPM van Rhyn(c), Dr DG Breed, Prof IW Ferreira, Prof HG Stoker and Prof RS Hobyane. |
| 2.1 *Opdrag* | 2.1 *Mandate* |
| 2.1.1 Die GKSA sit sy lidmaatskap van die WRF voort en die Algemene Sinode begroot vir die WRF-ledegeld en die afvaardiging na die volgende byeenkoms DV in 2019. | 2.1.1 The GKSA is to continue its membership at the WRF and the General Synod is to budget for WRF dues and for a delegation to the next assembly DV in 2019. |

| | |
|---|---|
| **Besluit: Kennis geneem.** | **Decision: Noted.** |
| <u>*Sake waarvan die Sinode kennis neem*</u><br>2.2 *Uitvoering van die opdrag* | <u>*Matters that the Synod takes note of*</u><br>2.2 *Fulfilment of task* |
| 2.2.1 Dr HPM van Rhyn, dr DG Breed, prof HG Stoker en prof RS Hobyane het die WRF-konferensie in 2019 in Jakarta bygewoon. | 2.2.1 Dr HPM van Rhyn, Dr DG Breed, Prof HG Stoker and Prof RS Hobyane attended the 2019 conference of the WRF in Jakarta. |
| 2.2.2 Skakeling met 'n wye verskeidenheid kerkverbande uit Gereformeerde geledere kon plaasvind. | 2.2.2 Contact was made with a wide variety of denominations of Reformed doctrine. |
| 2.2.3 Prof HG Stoker en prof RS Hobyane is op die hoofbestuur verkies. | 2.2.3 Prof HG Stoker and Prof RS Hobyane were appointed as board directors. |
| 2.2.4 Dr HPM van Rhyn en dr DG Breed het die WRF-konferensie in Oktober 2022 in Orlando VSA bygewoon, saam met proff HG Stoker en RS Hobyane wat op die hoofbestuur dien. Die WRF het die koste van proff Stoker en Hobyane se bywoning gedra, aangesien hulle op die bestuur van die WRF dien. | 2.2.4 Dr HPM van Rhyn and Dr DG Breed attended the WRF conference in October 2022 in Orlando, USA together with Prof HG Stoker and Prof RS Hobyane who serve as board directors. The WRF bore the cost of Prof HG Stoker and Prof RS Hobyane's attendance at the assembly since they serve as board directors of the WRF. |
| **Besluit: Punte 2.2.1 tot 2.2.4 kennis geneem.** | **Decision: Points 2.2.1 to 2.2.4 noted.** |
| <u>*Sake waaroor die Sinode besluit*</u><br>2.3 *Aanbevelings (Opdragte aan te benoeme Deputate)* | <u>*Matters that the Synod decides on*</u><br>2.3 *Recommendations (Mandate to the to be appointed Deputies)* |
| 2.3.1 Die GKSA sit sy lidmaatskap van die WRF voort en die Algemene Sinode begroot vir die WRF-ledegeld en die afvaardiging na die volgende byeenkoms, DV in 2025 in Suid-Korea. | 2.3.1 The GKSA should continue its membership at the WRF and the General Synod should budget for WRF dues and for a delegation to the next assembly DV in 2025 in South Korea. |
| **Besluit: Goedgekeur.** | **Decision: Approved.** |
| 2.4 *Finansiële implikasies* | 2.4 *Financial implications* |
| 2.4.1 Die GKSA gee 'n donasie van R15 000 uit die fondse van die Admin Buro aan die WRF. | 2.4.1 The GKSA should donate R15 000 from the funds of the Admin Bureau to the WRF. |
| **Besluit: Verwys na Finansiële Kommissie.**<br><br>**Besluit: Goedgekeur.** | **Decision: Referred to the Financial Commission.**<br>**Decision: Approved.** |
| **3. Theological Education in Africa (TEA)**<br>Prof IW Ferreira (s), ds JE Temba en prof RS Hobyane. | **3. Theological Education in Africa (TEA)**<br>Prof IW Ferreira(c), Rev. JE Temba and Prof RS Hobyane. |
| 3.1 Opdrag | 3.1 *Mandate* |
| 3.1.1 Dat betrokkenheid by hierdie liggaam gehandhaaf word en dat Deputate na die volgende konferensie afgevaardig word. | 3.1.1 Involvement with this body is to be maintained and Deputies are to be sent to the next conference. |
| **Besluit: Kennis geneem.** | **Decision: Noted.** |
| <u>*Sake waarvan die Sinode kennis neem*</u><br>3.2 *Uitvoering van opdrag* | <u>*Matters that the Synod takes note of*</u><br>3.2 *Fulfilment of task* |
| 3.2.1 Sedert die vorige vergadering was daar nog nie weer 'n TEA konferensie | 3.2.1 There has not been another conference since the previous TEA |

| | |
|---|---|
| wat bygewoon kon word nie.<br>3.2.2 Daar is ook ‘n groot moontlikheid dat die TEA nie weer in dieselfde formaat aangebied sal word nie. | conference.<br>3.2.2 It is likely that the TEA will not be presented in the same format again. |
| **Besluit: Punte 3.2.1 en 3.2.2 kennis geneem.** | **Decision: Points 3.2.1 and 3.2.2 noted.** |
| *Sake waaroor die Sinode besluit*<br>3.3 *Aanbeveling (Opdragte aan te benoeme Deputate)*<br>Dat betrokkenheid by hierdie liggaam gehandhaaf word en dat die Deputate die situasie verder monitor. | *Matters that the Synod decides on*<br>3.3 *Recommendation (Mandate to the to be appointed Deputies)*<br>Involvement with this body should be maintained and the Deputies should continue to monitor events. |
| **Besluit: Goedgekeur.** | **Decision: Approved.** |